

Maandag 18 Maart

Skrifgedeelte: Josua 14

Fokusgedeelte: Josua 14:8-9

Gryp gelowig vas aan God se beloftes en rig die hele lewe op die verkryging daarvan

'n Ou man van 85 – en wat 'n voorbeeld vir ons! Vir die wêreld sal dit positiewe denke wees wat hier die deurslag gee. Dit is baie meer as dit: Hy het volhard in sy trou aan die Here God en vas bly glo dat die Here sy beloftes vervul.

Kaleb was die verspieder uit die stam van Juda toe Moses 12 gestuur het om die beloofde land te gaan verken. Al die verspieders, behalwe Kaleb en Josua, het berig dat hulle die goeie land nie sal kan inneem nie, vanweë die baie en sterk mense met vestingstede. Hulle stook opstand teen Josua en Kaleb, ook teen Moses en God. Josua en Kaleb bly onwrikbaar staan teenoor die openbare mening en roep die volk op tot geloof in God en sy beloftes. Dit is waar die Here aan Kaleb die grond beloof wat hy tydens die verkenning deurgestap het (lees Num. 13 en 14). Die tien ontroue verspieders het dadelik gesterf, die res van die volk oor 40 jaar. Net Josua en Kaleb kon die intog meemaak en die belofte ontvang saam met die volgende geslag.

47 jaar later, sewe jaar ná die intog, word die land onder die stamme van Israel verdeel. Nou kom Kaleb sy erfdeel opeis. Let op: nie uit arrogansie of as betaling nie, maar op grond van God se belofte en geloof in die Here God as Hy wat sy trouverbond nooit laat vaar nie: God vervul sy beloftes. Dit was só in die Ou Testament, dit is vandag nog so.

Vir Israel was dit 'n land as erfdeel, dat hulle 'n seën vir die nasies sal wees. Beide is vervul, die laaste toe God sy Seun stuur as die Middelaar van die verbond. Dié wat getrou gewag het op God se vervulling, het deur Christus se soenoffer volle vryspraak ontvang. Ons wat glo, het saam met die vergifnis van sonde in Jesus Christus 'n erfdeel ontvang: Ons het deel geword van sy volk (Ef. 1:11). In Hom geld al God se beloftes nou ook vir ons.

Die oorheersende gewaarwording by gelowiges moet wees dat ons 'n erfdeel toegesê is wat ons nog nie in besit kon neem nie. Ons roeping is dat ons die oog gerig moet hou op die belofte, die heerlijkheid wat vir ons voorlê (vgl. Heb. 11:16, 39-40). Ons moet alle laste afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en dan die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop (Heb. 12:1-2).

Ons kan, want die Heilige Gees wat die eerste deel van die beloftevervulling is, laat ons roep *Abba*, Vader, en maak ons kinders van God wat erfgename is saam met Christus. Ons durf nie toelaat dat omstandighede ons verlam en vertrou laat verloor nie. Bly getrou standpunt inneem teen die ontroue samelewing in die wete: Die Here is saam met sy kinders op pad, Hy wat altyd sy beloftes hou.

Sing: Psalm 81-1:1, 4, 11, 12

Ds. J Malan (Jan) (Burgersdorp)